



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

# **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2014**

**GESKIEDENIS V2  
ADDENDUM**



---

Hierdie addendum bestaan uit 11 bladsye.

---

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE-VRAE****VRAAG 1: WATTER ROL HET STEVE BIKO IN SUID-AFRIKA SE BEVRYDINGSTRYD GEDURENDE DIE 1970's GESPEEL?****BRON 1A**

Hierdie uittreksel fokus op die groei van filosofie van die SwartBewussynsbeweging (SB).

Die bejaardes het byna van die dapper leiers vergeet wie in die gevangenis was of na die buiteland verban was. Die jonger geslag het nog nooit van hierdie leiers te hore gekom nie – of hulle ooit gesien nie. Die Swartbewussynsbeweging het die politieke leemte gevul wat in Suid-Afrika gelaat is toe die regering alle vorme van teenkantiing teen apartheid onderdruk het, deur die ANC en die PAK in die 1960's te verban. Vanaf 1972, met die totstandkoming van die Swartmense se Konvensie BPC, het die organisasie moeite gedoen om weg te beweeg vanaf hul noue studente basis. Swartmense – werkers, studente, onderwysers en die werkloses – het almal in die saal vergader om na die stemme van die Swart-Bewussynsbeweging te luister. By hierdie vergadering, gereël deur die BPC, was Biko en ander SB-sprekers met liedere en 'n gejuig verwelkom. 'n Wonderlike gevoel van trotsheid het die saal op hierdie dag gevul. Die stryd het weer begin. Tussen die toesprake het die gebou gedreun met applous en 'n geskree van "Amandla ... Amandla ..." Biko was die laaste spreker. Hy het sy toespraak afgerond met die volgende woorde: "Ons word onderdruk, nie as individue nie, nie as Zoeloes, Xhosas, Vendas of Indiërs nie. Ons word onderdruk omdat ons swart is. Ons moet onself verenig en reageer as 'n sterk mag."

[Uit: *They Fought For Freedom: Steve Biko* deur L. Price]

**BRON 1B**

Hierdie bron beskryf Biko se poging om swart Suid-Afrikaners op te hef.

Die Swartbewussynsbeweging het gepoog om werkers te mobiliseer. Die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) en die Swart Ouerskomitee is gevorm om die boodskap by skole te versprei. Swart gemeenskapsprogramme, self-help programme was in landelike gebiede gestig om 'n verbintenis te kry van "solidariteit (eenheid) in aksie" tussen die stedelike intellektueles en die armes in die landelike gebiede. Soos dr. Mamphela Ramphele dit in haar outobiografie beskryf hoe sy, Biko en ander kamerade klinieke in landelike gebiede opgerig het wat tuisnywerhede en gemeenskapsgesondheid sou bevorder. In 1975 het hy 'n leidende rol gespeel in die stigting van die Zimele Trust en die Ginsberg Opvoedkundige Trust. Zimele beteken, "staan op jou eie." Kerk en oorsese organisasies wat teen apartheid in Suid-Afrika gekant was, het hierdie trusts befonds.

Tydens die 1970's het die Swartbewussynsbeweging 'n toename in meer politieke aktiwiteite beleef. Dit het beteken dat menige mense in hegtenis geneem was deur die regering. Menige van hierdie mense was moeders en vaders met families. Die Zimele Trust het na hierdie families omgesien terwyl die broodwinners in die gevangenis was. Die Ginsberg Trust het finansiële hulp aan swaart studente gebied. In 1975 was Biko onder menige jong swart aktiviste wat in aanhouding was. Na sy vrylating is meer beperkinge op hom geplaas en hy was verbied om enigsins betrokke te wees by die Swart gemeenskapsprogramme. In 1977 is Biko deur die sekuriteitspolisie vermoor.

[Uit: *Africa Since 1990* deur Y N Seleti]

**BRON 1C**

Hierdie bron bestaan uit 'n geskrewe en visuele bron. Dit bring hulde aan Biko vir sy bydra tot die bevryding van Suid-Afrika.

**GESKREWE BRON: MANDELA SE HULDEBLYK AAN BIKO.**

Lewend, was hy die vonk wat 'n veldbrand regoor Suid-Afrika laat opvlam het. Sy boodskap aan die jeug en studente was eenvoudig en duidelik: "Swart is Mooi: Wees trots op jou swartheid" en met hierdie het hy die jeug aangemoedig om die gevoel van minderwaardigheid te verwerp waarin hulle gebore is as gevolg van meer as drie eeue van blanke oorheersing. Laat geld jouself en wees self-onderhoudend. Ons weet vandag dat wanneer, in die lewe van 'n nasie, die tyd aanbreek het vir 'n idee, niks, nie eens moord hierdie idee kan doodmaak nie. Hy was gefokus op hoe om ons mense tot aksie te kry en hoe ons vryheid kan verwerf. Of sy dood veroorsaak was deur 'n ongelukkige hou of nie, hulle moes hom doodmaak om die lewe van apartheid te verleng. Die idee van 'n band tussen die ANC en die Swartbewussynbeweging was ondenkbaar vir die apartheidsregering. As 'n dapper leier het Biko gehelp om 'n demokratiese Suid-Afrika te vorm.

[Uit: *Biko: A Biography* deur X. Mangcu]

**VISUELE BRON:** Die volgende plakkaat was geskep as 'n huldeblyk aan Biko na sy dood in 1977.



[Uit: *Steve Biko*: deur M. Westcott]

**VRAAG 2: TOT WATTER MATE WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE SUKSESVOL OM MET SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE TE DEEL?**

**BRON 2A**

Hierdie uittreksel verduidelik die redes vir die ontstaan van die WVK.

Na hul oorwinning in die 1994-verkiesing, het die ANC 'n reusetaak gehad om 'n ware nie-rassige demokratiese Suid-Afrika te bou, sonder om die verlede te vergeet. Soos Mandela dit beskryf het, was daar niks so boos soos apartheid wat wêreldwyd veroordeel was nie; en daarom was dit noodsaaklik om 'n manier te kry om die oortreders van die apartheidstelsel te vergewe sonder om die misdade wat teen menslikheid gepleeg was te vergeet. Die ANC se oplossing om te "vergewe sonder om te vergeet" het gelei tot die ontstaan van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in 1996.

Die doelwitte van die WVK was om sover moontlik 'n geheelbeeld van die oorsake, aard en omvang van grootskaalse menseregteskending te kry. Dit moes ook die kwessie van amnestie fasiliteer aan persone wie die volle waarheid onthul het van die misdade wat hulle gepleeg het. Die WVK was ook die taak opgelê om die noodlot van slagoffers bekend te maak en om hul menslike en burgerlike menswees te herstel, deur aan hulle die geleentheid te bied om hul stories te vertel, reparasie-maatreëls aan te beveel en kompensasie (vergoeding) te voorsien. Die WVK moes ook aanbevelings maak oor hoe om 'n politieke kultuur in Suid-Afrika te skep wat respek van menseregte aan alle burgers waarborg.

[Uit: *South Africa's Transition to Democracy* deur S. Shaw]

**BRON 2B**

Die volgende bron bestaan uit twee uittreksels wat fokus op die verskillende standpunte en gevoelens rakende die kwessie van amnestie.

**STANDPUNT 1:** Hierdie bron handel oor Phillip (’n oortreder), wat getuienis gelewer het en amnestie ontvang het.

Phillip (’n agent van apartheid) het vir amnestie aansoek gedoen nadat hy ’n bom ontplof het wat talle mense se dood veroorsaak het. By sy amnestie-verhoor, was die families van die slagoffers die geleentheid gebied om te sê hoe die bomontploffings hul lewens geaffekteer het. Phillip het hierna sy weergawe van die bomontploffings gegee. In reaksie op sy onthulling, het sy familie aangevoer dat hulle skaam voel oor wat hy gedoen het, en daartoe gelei het dat sy vrou hom geskei het. Phillip het om verskoning gevra vir sy aksies, en dit was deur die slagoffers se families aanvaar. Hy het amnestie gekry. Die families van die slagoffers het vergoeding vanaf die regering vir die verlies van hul geliefdes gekry.

[Uit : *Overcoming Apartheid* deur J.L. Gibson]


**STANDPUNT 2:** Hierdie uittreksel handel oor slagoffers wat gekant was teen amnestie.

Dit is waar dat daar slagoffers was wat die idee van rekonsiliasie en amnestie verwerp het, en op strafbare geregtigheid aangedring het en dat oortreders vir hul apartheidsera-misdade gestraf moes word. Onder sulkes was die Mxenges, die Seremanes en sommige van die vroue van die Khulumani-groep. Sommige het hul houding geregverdig deur aan te dring dat hulle dit nie in hulself kon vind om te rekonsilieer met diegene wat nie die volle detail van hul misdade wou onthul nie, diegene wat geweier het om hul getuienis te gee en diegene wat geen jammerte getoon het nie. Sommige het aangevoer dat hulle nie gerekonsilieer kon word met oortreders van menseregte wat voor die WVK verskyn het, omdat hul getuienis oorlaai was met leuens, ontkenning en vaagheid.

[Uit: *After the TRC: Reflections on Truth and Reconciliation in South Africa* deur D. Ntsebeza]

**BRON 2C**

Hierdie spotprent fokus op P.W. Botha se onwilligheid om voor die WVK te verskyn in 1996.





### VRAAG 3: WATTER IMPAK HET GLOBALISASIE OP AFRIKA NA 1989 GEHAD?

#### BRON 3A


Hierdie bron bestaan uit 'n geskrewe en 'n visuele bron. Dit handel oor die oorsake en gevolge van globalisasie.

**GESKREWE BRON:** Hierdie uittreksel beskryf die groei van internasionale korporasies in die laat twintigste eeu.

'n Belangrike oorsaak van globalisasie is die groei van groot maatskappye op soek na ekonomieë van skaal. Dit is wanneer 'n maatskappy goedere goedkoper produseer deur in grootmaat te produseer (massa-produksie). Ekonomieë van skaal beteken dat groter maatskappye meer winsgewend as kleiner maatskappye kan wees. Hierdie maatskappye is so groot dat hulle nie net in een land geleë is nie. In die 1960's was hierdie korporasies verantwoordelik vir omtrent 17% van die wêreldhandel. Maar onlangs het hierdie syfer vinnig toegeneem. Ongeveer 200 transnasionale korporasies beheer nou 32% van wêreldhandel.

[Uit: *Global Concerns* deur H. Collins]

**VISUELE BRON:** Hierdie plakaat op verwys na die mag wat multi-nasionale korporasies in Amerika gehad en ook die wêreld. Die sterre op die Amerikaanse vlag is nou vervang met logo's van die multi-nasionale maatskappye.



[Uit: *In Search of History* deur J. Bottaro et al, Adbuster Media Foundation]



**BRON 3B**

Hierdie uittreksel verduidelik hoe die VSA die enigste supermoondheid in die nuwe globale wêreldorde geword het. Dit het daartoe gelei dat Derdewêreldlande gedwing was om kapitalisme aan te neem.

Alhoewel die einde van die Koue Oorlog beteken het dat Afrika vry van die druk en eise van 'n bipolarêre wêreld was, was die vermoë van die nuwe state om hul ekonomieë te ontwikkel geaffekteer deur die onttrekking van Sowjet-hulp. Die onttrekking van die Sowjetunie en die ineenstorting van kommunisme het die nuwe wêreldorde ingelei, met die VSA as die enigste supermoondheid en kapitalisme as die enigste suksesvolle model vir die ontwikkeling van Derdewêreldlande.

Die druk en eise vir ontwikkeling op die Afrika-kontinent het Afrika-leiers genoodsaak om ontwikkelings na die Weste te keer vir die ontwikkelingshulp. Die Weste het die geleentheid aangegryp om hulp te koppel aan eise vir politieke hervorming.

[Uit: *In Search of History* deur J. Bottaro et al]

**BRON 3C**

Hierdie uittreksel verduidelik die invloed en mag wat multi-nasionale organisasies op die wêreld het.

Alle state vind dit moeilik om 'n organisasie te beheer wat vele takke het; buite hul grense geleë is en wat nie aan hul wette onderhewig is nie. As die multi-nasionaal 'n belangrike belegger en werkgewer is, bestaan die moontlikheid dat hy sy werksaamhede sal onttrek en na 'n ander land verskuif; wat 'n bron van kommer vir enige regering is. Dis om hierdie rede dat sommige regerings die belasting op multi-nasionale se winste sal verlaag en arbeidswette verslap sodat dit makliker vir die multi-nasionale sal wees om hul werksmag te beheer. 'n Ander manier om die situasie te interpreteer is om die Westerse regerings en die multinasionale as bondgenote te sien, wat dieselfde doelwit in die globalisasieprojek nastreef.

Ten spyte van hul veronderstelde gebrek aan nasionaliteit is die meeste multi-nasionale se hoofkwartiere geleë in die magtige ekonomiese lande (veral die VSA, Duitsland en Japan). Nog 'n beweerde gevolg van globalisasie is dat state beheer oor die toekoms van hul eie state verloor. Kapitaal, goedere, dienste en tegnologie vloei nou onbeheerd en in groot hoeveelhede oor grense, en verskuif na verskillende dele van die wêreld. Dit verminder 'n staat se beheer oor ekonomiese aktiwiteite binne sy grense en stel hom nie in staat om die waarde sy geldeenheid te bepaal nie.

[Uit: *Globalisation: Ethical Debates* deur N. Harris]

## BRON 3D

Hierdie spotprent verwys na die BRICS-beraad wat in 2012 in New Delhi gehou was en na Suid-Afrika verwys as 'n "BRIQUETTE" (baksteentjie).



**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bottaro, J. et al, 2013. *In Search of History* (Oxford University Press)

Collins, H. 2003. *Global Concerns* (Londen)

Gibson, J.L. 2004. *Overcoming Apartheid* (Russell Sage Foundation)

Harris, N. 2007. *Globalisation: Ethical Debates* (Wayland Publishers)

Mangcu, X. 2012. *Biko: A Biography* (Tafelberg)

Ntsebeza, D. 2000. *After the TRC: Reflections on Truth and Reconciliation in South Africa* (David Philip Publishers)

Price, L. 1992. *They fought for freedom: Steve Biko* (Maskew Miller and Longman)

Seleti, Y.N. 2004. *Africa since 1990* (New Africa Education)

Shapiro, J. 1996. *The Madiba Years* (Cape Town)

Shaw, S. 2001. *South Africa's Transition to Democracy: An African Success Story* (Design Press)

Westcott, M. 1996. *Steve Biko* (Sached Books)

Zapiro, *Sunday Times*, 1 April 2012